
# Om op reis deur Afrika tuis te kom

**‘Waar die teerpad ophou’ is nie ’n vertelling van twee mans wat ‘donker Afrika’ tem nie. Inteendeel, dis die verhaal van twee vriende wat hulself opnuut herverbeel, skryf Jo Prins.**

Niefiksie

**Waar die teerpad ophou**
Jean Cooper
TAFELBERG, R340




In hierdie dae waarin epiese reise opnuut voorop is met Homerus se Odusseus wat derduisende mense na die grootskerm lok, kon Jean Cooper se *Waar die teerpad ophou* waarskynlik nie op ’n beter tyd die rakke geslaan het nie.

Hoewel Cooper en sy medereisiger, De Witt Oosthuizen, se reis deur Afrika van Pretoria tot in Spanje natuurlik geensins ’n dekade of twee duur nie, is die uitdagings net duskant verleidelike Sirenes en reuse wat dreig om hulle van hul ysterperde af te ruk.

Cooper, ’n bedryfsielkundige van Pretoria, en Oosthuizen, ’n mediese dokter van Australië, het in September 2023 dié mal perd opgesaal om op twee motorfietse van Pretoria aan die Weskus van Afrika op te ry tot in Europa.

Vir die petrolkoppe: Die fietse is twee 900 cc Husqvarna Norden 901 Expedition-nommers / KTM 890 Adventure. Monsterfietse, dus, wat kophou en vashou verg, maar wat jou uiteindelik gaan kry waar jy wil uitkom.

Dis met die intrapslag duidelik, van hoofstuk 1 (“Die hek gaan oop”), dat Cooper ’n man is wat met redelike *heavy boots* – à la Jonathan Safran Foer se karakter in sy boek *Extremely Loud & Incredibly Close* – deur die lewe gaan.

Vir die leser wat daarop uit is om meer oor die avontuur en ontdekking van die reis te lees (daarvan is daar hope, terloops), kan die selfbewuste, voortdurende introspeksie dalk aanvanklik ’n irritasie wees.

Maar, dit is juis die punt van hierdie twee vriende se reis: Dis natúúrlik ’n reis deur Afrika, na buite. Maar uiteindelik bring die twee wiele, en Afrika, elkeen terug na die kern van hul bestaan en vra belangrike vrae oor hoekom enigeen van ons ooit die lewenslig aanskou.

Waar Cooper nog hierdie kant toe en daai kant toe oor hoekom hulle nou juis die reis aanpak, is dit Oosthuizen wat sommer van meet af aan verklaar: “Ek gaan deur ’n moerse midlife crisis en het nou so iets nodig.”

Die twee ken mekaar reeds 27 jaar lank sedert hulle as eerstejaars in Tuks se Sonop-manskoshuis ontmoet het. Maar vir twee meer verskillende tipe mense om saam op só ’n uitsonderlike, “intieme” reis te gaan sou jy kwalik kon vra.

Dis dalk ’n resep vir ’n dawerende kopstampery wanneer die nerwe dun raak… of dalk presies die uiteenlopende persoonlikhede wat mens nodig het om ’n reis soos hierdie te maak werk.

Die 49-jarige Cooper, gebore en getoë in Pretoria, is een van daardie rare *overachievers* wat al die boksies tiek: hoofseun van sy skool (Hoërskool Overkruin); junior burgemeester van Pretoria; primarius van Sonop…

Hy trou met ’n diplomaat, Fransie (een van die mense aan wie die boek opgedra is), wat 10 jaar ouer as hy is.

Drie kinders later en sowat 20 jaar plus byt die *bike*-gogga hom behoorlik hier op 40.

Met die wegtrek vir hul eerste rendezvous vir die *trip* trek Coops – soos De Witt na hom verwys – weg uit sy wit, middelklas-bestaan in die Pretoriase Moot met die volgende versugting:

“Sê nou ek ry deur die hele blêrrie Afrika, kom tot insigte wat my ten diepste verander, net om weer deur die kontoere van my geskiedenis teruggedruk te word in my ou patrone?”

> **“Wat beteken dit om wit en manlik te wees? Maar ook, wat beteken dit om hierdie dinge vandag in Afrika te wees?**

Een van die lekker dinge van die teks is die ryke bronverwysings. Coops, vanweë sy werk, is ’n belese kêrel wat sommerso terloops na psigoanaliste soos Jung verwys, maar ook meer populêre werk betrek soos Robert M. Pirsig se *Zen and the Art of Motorcycle Maintenance*.

Dis veral Pirsig se werk wat in die begin van die boek ter sprake kom, en ook ’n hele paar keer daarna na verwys word.

Die meditatiewe aspek van herhalende sleurwerk om iets te onderhou (soos die skoonmaak van ’n motorfiets se ketting), word ’n mantra: Dié ding wat jy doen, is nie die ding wat jy doen nie… dis ’n inkantasie en herinnering om hier en nou te wees.

Van Cooper se belangrike vrae, in die tydvak waarin ons leef, is: Wat beteken dit om wit en manlik te wees? Maar ook, wat beteken dit om hierdie dinge vandag in Afrika te wees?

Op hul reis deur die DRK, Kameroen, Nigerië en verder deur sogenaamde Frans-Wes-Afrika kom die Weste se *scramble for Africa* telkens ter sprake en hoe die Berlynakkoord die versnippering van ons vasteland in die hand gewerk het.

Daar is oomblikke van hel en angs waar nie een van die twee dink hulle gaan ooit weer lewend anderkant uitkom nie, en dan weer die totale ekstase wanneer jy een word met die masjien onder jou.

Verrassend is die gender-rolle waarna Cooper verwys tussen die twee manne op die motorfietse, asook vrae oor sy eie rol in die tradisionele verhouding en die erotiese tussen hom en sy vrou.

*Waar die teerpad ophou* is geensins ’n *gung-ho*-vertelling van twee (wit) mans wat “donker Afrika” getem het nie. Inteendeel, dis eerder die verhaal van twee vriende wat hulself, en hul plek in die wêreld opnuut herverbeel.

Soos die digter Johann Johl destyds in sy bundel *Roulet* (in die gedig “Terugkeer”) geskryf het: “Mens reis om tuis te kom.”

Ek reken Coops het tuisgekom.

■ **Jo Prins** *is ’n joernalis en boekeredakteur van Melville in Johannesburg.*

## Nuut op die rak in September

### Ingetrek in ’n vergete storie

Fiksie

**Vlam van die sprokkelhout**
SD Fourie
QUEILLERIE, R320




Vanaf die Dourovallei in Portugal reis Maré l’Abillionni na Madagaskar om na haar lank verlore niggie te soek.

In 1766 gaan sy aan boord ’n slaweskip wat op ’n sandbank by Stuisbaai loop.

Sy is sprokkelhout. Opgebreek in stukke in ’n vreemde land waar almal oor haar kan uitsprake lewer.

Hetta Uys, getaak met die opruiming van haar ouma se “spookhuis”, beland 258 jaar later op Agulhas. Ook gebreek soos sprokkelhout.

Wanneer ’n nutsman ’n stokoue dagboek in die huis ontdek, word Hetta ingetrek in ’n lank vergete storie.

### Intense blik op die ‘donker’

Misdaadfiksie

**Blinde kol**
Martin Steyn
LAPA, R360




AO Karla Blanckenberg, gyselaaronderhandelaar by die SAPD, staan buite ’n dameskoshuis in Stellenbosch.

Dooie meisies lê voor die ingang. ’n Gewapende jong man het sy pad in die gebou in geskiet, en ’n groep vrouestudente gyselaar geneem.

AO Colin Menck staan langs haar. Sy dogter is self ’n student, so die toneel voel heeltemal te persoonlik. Terwyl Blanckenberg die jong man moet leer verstaan, grawe Menck in sy verlede.

*Blinde kol* is ’n intense ondersoek na van die donker idees van ons tyd.

### Pleidooi vir aandagtig lees

Resensiebundel

**Boei**
Jean Meiring
PROTEA, R350




Jean Meiring benader die resensie nie as ’n vinnige oordeel of verbruikersgids nie, maar as ’n vorm van openbare denke.

Met ’n kombinasie van intellektuele erns, stilistiese finesse en morele waaksaamheid lees hy boeke as gesprekke met die wêreld.

In *Boei* word 85 boekresensies oor twee dekades heen saamgebind. Hierdie bundel toon die reikwydte van Meiring se kritiese stem: van biografieë en geskiedskrywing tot romans, poësie en politieke denke.

*Boei* is ’n pleidooi vir aandagtige lees in ’n tyd van vervlakking.

### Die verwerking van verlies

Fiksie

**Hart sonder hawe**
Joan Hambidge
PROTEA, R350




*Hart sonder hawe* voltooi die vierluik wat begin het met *Die Judaskus* in 1998, *Kladboek* in 2008 en *Stasies* in 2023.

Die roman vertel die storie van ’n skrywer wat sukkel om vrede te maak met die dood van ’n vriend met wie sy ’n intense maar ingewikkelde verhouding gehad het.


Ná sy afsterwe word sy gedwing om haar gemengde gevoelens te verwerk, veral omdat hulle vir twee jaar voor sy dood nie meer kontak gehad het nie.

Die verwerking van haar verlies speel af teen ’n agtergrond van haar ervaring van die skryfproses, sowel as filosofiese en literêr-teoretiese nadenke.

### Oorlewing word dobbelspel

Misdaadfiksie

**Verdagte 504**
Elsabé Welman
NALEDI, R295




Midde-in die Israel-Hamas-oorlog word Ben Kirsten as spioen gejag.

Mossad se oë wyk nie. Kaalvoet vlug hy deur die Negevwoestyn en beland in ’n gebroke dorp. Niemand daar is ongedeerd nie.

Wanneer die wêreld om jou toeklap, gaan iets dieper oop, en Ben vind liefde, waarvoor daar in oorlogstyd min plek is. Dit het egter ’n prys. Sonder dokumente vlug hy suidwaarts, Kaapstad toe.

Oorlewing word ’n dobbelspel: gevaarlike grense, verraderlike waters, en in die donker greep van hoop en verlies worstel hy ook met God.

Om onskuldig te wees, beteken nie jy is veilig nie.

Boekevat

# As Afrikaans se versmakers na boudvleise hap

**Jean Meiring**

Ek was, vreemd, op Ellispark toe die grote Dolly Parton se heengaan verlede Dinsdag rugbaar raak.

Ek was my binne-in Jeanne Goosen se gedig “Die dag op Nuweland” aan’t verbeel – piekerend oor hoekom Afrikaans so min rugbyverse het.

Skoknuus, vind ek, lei dikwels tot laterale gedagtespronge. Sodra ek die Dolly-lykdigte aanlyn bespeur, wil my gestreepte voorkop weet: Wie het nou weer Joan Hambidge die Dolly Parton van die Afrikaanse lettere genoem – en hoekom?

Ek klim op die internet. Gou leer ek ’n les in die reduksionisme van kunsmatige intelligensie, wat sê dat dié metafoor op Hambidge se alom teenwoordigheid in die Afrikaanse letterkundige bestel, haar hoë produktiwiteit en haar “flair” sinspeel.

Ook sekerlik, dink ek, suggereer dit haar speelse mombakkiesdraery. Eenslag, in ’n hysbak, is sy gevra: “Wie’s jy nou weer? Jy lyk bekend.” Haar summiere antwoord? “Sandra Prinsloo.”

KI se verklaring is alles waar. Ook my stertjie. Maar daar’s sekerlik ’n verklaring waarin die skering en inslag duideliker sigbaar is.

Op die webblad LitNet struikel ek soos deur ’n spieël in ’n raaisel die jaar 2008 en ’n debat oor kanonisering in die Afrikaanse literatuur – die ewige stryd tussen Lekker Ligte Leesstoffasie en Belangrike Letterkunde – binne.

Op 24 April 2008 verskyn daar ’n Hambidge-essay, “Kwessies van kanonisering”. Dit was tóé ’n ander land, met ’n tydskrif *Boeke-Insig*. Die professor had dit oor ’n voorbladberig in daardie blad wat “twee bedrewe, maar beslis nie groot skrywers nie, te wete Erika Murray-Theron en Harry Kalmer, as ‘groot wenners’ ” aanprys. Dié aanbieding, sê Hambidge, “is misleidend”.

“Wat hierdie proses des te meer onrusbarend maak vir die kritiese leser,” vervolg Hambidge, “is dat Kalmer in hierdie onderhoud met Theron voorgee dat (haar roman *’n Tapisserie met klein diere*, die 2007- Groot Romanwedstrydwenner) ’n goeie boek is”. Boonop is Kalmer “verminderend” oor die bydrae van die skrywers bekend as die Sestigers, wat, volgens hom, met hul pretensie die Afrikaanse letterkunde “ongelooflik baie skade” berokken het.

Op 28 Julie 2008 verskyn Kalmer se effe trae, maar eweneens snydende wederwoord onder die hofie “Die Dolly Parton van Afrikaanse Letterkunde?” Met Hambidge is hy allermins tevrede.

Met verwysing na die digter Clive James se kwinkslag dat hy bly is wanneer sy vyand se boeke ge-“remainder” word, sê Kalmer: “In 1998 publiseer Perskor… *Die Judaskus*. Die outeur was Joan Hambidge. Ek het dit op ’n uitverkoping by CNA raakgeloop. Met groot schadenfreude het ek die R1,50 wat die boek gekos het, betaal. Ek het vinnig my grinnik gesluk. *Die Judaskus* was ’n lekker boek. *Sy kom met die sekelmaan* ‘meets’ *Fatal Attraction* ‘meets’ *How to fake your way into literary discussion*.”

> **“Wie het nou weer Joan Hambidge die Dolly Parton van die Afrikaanse lettere genoem – en hoekom?**

Kalmer lê die heuning (deurspek van arseen?) nóg dikker aan: “Beslis soetsappig, maar ’n bietjie patos het niemand nog ooit seergemaak nie. Sonder Dolly Parton was Nashville beslis ’n armer plek. Ek twyfel of Hambidge haarself as die Dolly Parton van die Afrikaanse lettere beskou, maar die dag as haar seepkis-skrywes so medemenslik, vreesloos en opreg soos *Die Judaskus* is, sal ek haar met graagte lees.”

Plots besef ek hoekom daar so ’n skraal oes van gedigte oor die spel rugby is. Om Goosen aan te haal, dis omdat Afrikaans se versmakers, die burgery van Gnashville, Belletrie, self so graag soos “gestreepte haaie rondduik en na mekaar se boudvleise hap”.

■ **Jean Meiring** *is ’n regsgeleerde en vryskutskrywer van Johannesburg.*